

Ontmoeting 25

Die rigters

Teks: Rigters 3: 7- 15a en 4:1-4

Jy benodig:

- Die name van die rigters afsonderlik op stroke karton.
- 'n Kopie van "6 Momente" vir elke kind.
- Name van die rigters in 'n bakkie
- Kopieë van die "wiel"
- Sandbak met sand
- Mariekoekies en "Marshmallows"
- Mikrogolfoond



WELKOM

Volg hierdie eenvoudige ses-stap-resep om vir die kinders "marshmallow"-lekkernye te maak:

1. Neem 'n Mariekoekie.
2. Plaas 'n "marshmallow" daarop.
3. Plaas dit in 'n mikrogolf vir 3 sekondes. (Toets voor die tyd om te voorkom dat dit te pap raak.)
4. Haal dit vinnig uit. (Pasop, dis warm!)
5. Neem nog 'n Mariekoekie en druk dit bo-op die sagte "marshmallow".
6. Laat die lekkerny afkoel.

Maak nou nog 'n lekkerny, maar maak die volgorde deurmekaar:

1. Neem die Mariekoekie.
2. Plaas dit in die mikrogolf vir 3 sekondes.
3. Haal dit vinnig uit.
4. Plaas 'n "marshmallow" daarop.
5. Neem nog 'n Mariekoekie en druk dit op die sagte "marshmallow".
6. Laat die lekkerny afkoel.

Wys nou vir die kinders dat dit misluk het.

Vandag gaan ons leer dat die volk van God oor en oor dieselfde foute gemaak het. Amper soos om 'n verkeerde resep oor en oor te gebruik.



WYDING

Temaliedere:

Ons gee drie moontlike temaliedere. Gebruik wat vir jou kinderbediening sal werk.

* Kingdom rock: Stand together: <https://www.youtube.com/watch?v=jFx8aocahg4>

* Mighty Kids Arise: Wow! God is wonderlik! <https://www.youtube.com/watch?v=ksmrdREFTmw>

* Crossroad Kids: "Come with me": <http://crossroadskidsclub.net/motion-video-come-with-me/> (Onderaan staan "You can download the video HERE". Klik daarop, dan neem dit jou na <https://vimeo.com/49923933> waar jy dit gratis kan aflaai.)

Stilword-ritueel uit Psalm 23

Laat die kinders kruisbeen sit en hulle oë toemaak. Herhaal 3 keer. "Die Here is by ons." Sê nou hardop: "Omdat die Here my Herder is, is ek nie bang nie. Hy lei my deur die donker tye en Hy versorg my."



WOORD

Lees Rigters 3: 7- 15a en 4:1-4

Die boek Rigters vertel van die tyd toe die Israëliete die Beloofde land binnegegaan het. Daar was nog nie 'n koning vir die volk aangestel nie en hulle is deur rigters gelei. Die rigters was oorlogsleiers en hulle moes ook uitsprake lewer in die hof. Dis waar ons woord "regters" vandaan kom.

Die verhale van die rigters klink baie soos 'n resep of patroon wat oor en oor afspeel.

1. Israel leef toegewyd aan God.
2. Israel raak ontrou aan die Here en dien afgode.
3. Die Here straf hulle deur hulle oor te gee in die mag van hulle vyande.
4. Hulle roep om hulp by die Here.
5. Die Here gee 'n rigter.
6. Die rigter red hulle uit die mag van die vyande.

Dit het 12 keer gebeur. Die name van die rigters wat die Here gestuur het, is: Othniël, Ehud, Samgar, Debora, Gideon, Tola, Jair, Jefta, Ibsan, Elon, Abdon en Simson.

[Doen die volgende aktiwiteit om 'n ervaring te skep van wat dit beteken om 12 keer dieselfde fout te maak. Roep 'n kind vorentoe en klap hom liggies op sy/haar skouer en sê "Jammer, ek sal dit nie weer doen nie." Doen dit nou 12 keer agtermekaar.]

Vra vir die kinders hoe hulle voel oor wat jy gedoen het. Het hulle gevoel dat jy altyd opreg jammer was of het hulle gevoel jy bedoel dit nie meer nie? Dink hulle dat jy elke keer vergewe moet word?

Dis wat in die boek Rigters gebeur het. Die Israëliete was 12 keer ontrou aan die Here.

Roep 12 kinders na vore en gee aan elkeen een van die 12 rigters se name.

Lees saam met die kinders die name. Die meeste van die name klink vir ons vreemd.

Laat die kinders nou in die volgorde staan soos die rigters in die Bybel verskyn het. Leer die volgorde van die name vir die kinders. Daag hulle uit om die volgorde te onthou. Die 12 kinders wat die name vashou, ruil nou die name om sodat die name deurmekaar is. Kyk wie kan hulle nou in die regte volgorde laat staan. Hulle mag die Bybel as hulpmiddel gebruik. Soek die name in die boek Rigters. Jy sou 'n kompetisie hiervan kon maak deur die groep in twee te deel.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder of jy iemand ken wat oor en oor iets doen wat verkeerd is in die oë van die Here.
2. Ek wonder of die Here mense altyd sal vergewe.
3. Ek wonder of die Here partymaal moed opgee met mense en hulle nie weer wil help nie.



WERSKAF

- ♦ Plaas al die name van die rigters in 'n bakkie en laat die kinders die name in die regte volgorde plaas.
- ♦ Gee vir elke kind die ses gebeure wat soos 'n patroon oor en oor herhaal het. Laat hulle dit opknip en skommel en in die regte volgorde plak.
- ♦ Gee vir die kinders kopieë van die wiel. Laat hulle die ontbrekende woorde invul. ('n Voltooide, kleiner sirkel word ingesluit vir kontrole.)
- ♦ Die groter kinders kan die ses goed met hulle vingers in die sand van 'n sandbak skryf. Laat hulle dit dan weer platvee om die vergifnis van die Here te demonstreer.

Gebedsmoment:

Vryf julle hande teenmekaar soos jy sou hande was. Bid die volgende bede: "Here, dankie dat U ons sonde oor en oor vergewe. Dankie dat Jesus die prys vir ons sonde betaal het. Amen."

Sluit af met die seënbede:

"Die Here kies jou om mense wat swaarkry, te gaan help, maak nie saak wie jy is nie. Gaan nou, moenie bang wees nie. Die Here is met jou."

(Die seënbede bly dieselfde regdeur die jaar.)

Otniël

Ehud

Samgar

Debora

Gideon

Tola

Jair

Jefta

Ibsan

Elon

Abdon

Simson

Israel leef toegewyd aan God.

Israel raak ontrou aan die Here en dien afgode.

Die Here straf hulle deur hulle oor te gee in die mag van hulle vyande.

Hulle roep om hulp by die Here.

Die Here gee 'n rigter.

Die rigter red hulle uit die mag van die vyande.

Israel leef

Die Rigter _____
hulle uit die _____
_____ van die
vyande.

aan God.

Israel raak

_____ aan
die Here en dien

Die siklus
van sonde
in Rigters

Die Here gee 'n

Die Here _____
hulle deur hulle
oor te gee in die
mag van hulle

Hulle _____ om _____
_____ by die Here.

Israel leef
toegewyd aan
God.

Die Rigter red
hulle uit die mag
van die vyande.

Israel raak ontrou
aan die Here en
dien afgode.

Die siklus
van sonde
in Rigters

Die Here gee
'n Rigter.

Die Here straf hulle
deur hulle oor te
gee in die mag van
hulle vyande.

Hulle roep om
hulp by die Here.